KIERIE KWAAK TERME EN VOORWAARDES

Aangesien hierdie dokument ‘n kontrak tussen die gas en die bestuur van Kierie Kwaak Selfsorg-eenhede vorm, beveel ons aan dat voornemende gaste hierdie voorwaades en bepalings noukeurig deurlees alvorens ‘n bespreking gemaak word by Kierie Kwaak Selfsorg Eenhede.

WYSIGINGS

Die bestuur behou hulle die reg voor om enige wysigings aan tariewe, voorwaardes en bepalings en reëls aangaande die eenhede soos nodig geag van tyd tot tyd en sonder vooraf kennisgewing te wysig.

REG VAN TOEGANG VOORBEHOU

Die bestuur behou hulle die reg voor om verblyf in enige eenheid te weier sonder om ‘n rede daartoe te verskaf.

BESPREKINGS

Tariewe is gebaseer op per persoon wat deel per nag in ‘n eenheid.
Na die faktuur vir die besprekig ontvangs is, moet die deposito binne 24 uur betaal word.
Die bewys van die betaling van die deposito moet na kieriekwaak@gmail.com gestuur word.
‘n Besprekig sal eers bevestig wees nadat bewys van betaling ontvang is.
Geen ander persone behalwe dié wat op die faktuur aangedui is, is toegelaat om in die eenhede tuis te gaan nie.
Geen voorlopige besprekings word aanvaar nie. Die bestuur van Kierie Kwaak Selfsorg-eenhede sal ‘n nota maak van die verlangde datums en die voornemende gas in kennis stel indien daar nog ‘n navraag vir dieselfde datum is.
Alleenlik besprekings van ‘n minimum van 2 dae oor naweke vir al die eenhede sal aanvaar word.
Vir Desember sal ‘n bespreking van die Familie gastehuis alleenlik vir ‘n minimum van 5 dae aanvaar word.
Alle verblyf wat voorsien word deur kierie kwaak Selfsorg-eenhede is onderhewig aan die voorwaardes soos in hierdie dokument aangedui.
Besprekings is nie oordraagbaar nie.

BETALINGS

Naweek- en/of besprekings van minder as drie dae moet ten volle vereffen word met bespreking.
Die deposito beloop 50% van die volle bedrag van die verblyf. Die balans kan voor aankoms elektronies of kontant met aankoms vereffen word.
Let asseblief daarop dat Kierie Kwaak Selfsorg-eenhede nie oor kaartgeriewe beskik nie.
Die bewys van die deposito moet aan kieriekwaak@gmail.com gestuur word om die bespreking te bevestig.

KANSELLASIES

Die bestuur van Kierie Kwaak Selfsorg-eenhede hou hulle die reg voor om enige besprekings sonder kennisgewing te kanselleer indien die deposito nie binne die bepaalde tyd ontvang is nie.
Kansellasies deur gaste:
Tot en met insluitend 28 kalenderdae voor aankoms sal die volle deposito terugbetaal word.
Minder as 28 kalenderdae, maar tot en insluitend 14 dae voor aankoms, sal 50% van die deposito terugbetaal word.
Minder as 14 dae voor aankoms, sal geen deposito terugbetaal word nie.
Kansellasies oor ‘n vakansie-seisoen minder as ‘n kalendermaand voor aankoms sal geen deposito terugbetaal word nie.

Indien voornemende gaste nie opdaag op die dag van hul bespreking nie, sal geen deposito terugbetaal word nie.
Depositos is nie terugbetaalbaar in geval van gaste wat laat opdaag of vroeër vertrek nie.

AANKOMS
Die eenhede is beskikbaar vanaf 2 pm. Aankoms is tot 5 nm. Dit is moontlik om later aan te meld, maar moet vooraf met die bestuur gereël word.
Geen vroeër aankoms is moontlik nie.
Skakel asseblief een van die volgende nommers waanneer u by die Kierie Kwaak Ontvangshek aankom: 021 883 3163 / 082 488 8791 / 082 551 4784 / 078 279 7956

GASTE WAT NIE OPDAAG NIE
Indien gaste nie vir hul bepreking opdag nie, word hul verblyf vir die eerste nag van die bespreking gewaarborg.
Indien geen reëlings met die bestuur gemaak is nie, sal die eenheid na 24 uur weer beskikbaar gestel word vir besprekings.

VERTREK
Eenhede moet op die dag van vertrek teen 10 vm ontruim wees.
Gaste wat later wil vertrek moet dit vooraf met die bestuur reël wanneer die bespreking gemaak word en is dit onderhewig aan beskikbaarheid.
'n Ekstra fooi sal gehef word: 10vm – 4 nm 50 % van die dag se tarief; 4nm en later 100 % van die dag se tarief.

BE-EINDIGING VAN VERBLYF
Die bestuur hou hul die reg voor om diegene wat hul nie by die terme en voorwaardes soos saamgevat in hierdie dokument en die algemene rus en gemak van medegaste se verblyf te respekteer nie sonder kennisgewing te beveel om die eiendom te verlaat.

REG OM GASTE TE BEVEEL OM DIE EIENDOM TE VERLAAT
Gaste sal beveel word om die eiendom te verlaat sonder vergoeding in die volgende gevalle:
Onbehoorlike gedrag
Geen betaling
Gebruik van die terrain vir onwettige aksies
Besit van onwettige items wat gevaarlik kan wees vir ander gaste

Nie as gas te registreer met aankoms nie
Vals inligting gee om verblyf te bekom
Minderjarige (onder 18 jaar) sonder om deur 'n ouer geregistreerde persoon vergesel te wees
Oortreding van die voorwaardes en bepalings
Oortreding van die geen rook en geen troeteldier beleid
Versuim om die eenheid binne die vasgestelde tyd te ontruim

ROOK BELEID
Respekteer asseblief ons geen rook beleid binne alle eenhede. Sigaretstompies moet asseblief in die voorsiende asblikke gegooi word. *Let wel, nie tussen die plante in die tuine nie*.

TROETELDIER BELEID
Troeteldiere is streng verbode.

ALGEMENE REëLS
Was van motors - Gaste mag hul motors was.

Vure - Vuur mag alleenlik op die aangewese plekke gemaak word. Ekstra sorg moet geneem word wanneer ‘n vuur aangesteek word en mag onder geen omstandighede alleen gelaat word nie. Blus die vuur deeglik met ‘n tuinslang wanneer klaar gebraai is. Wanneer gaste die weber gebruik, moet hulle seker maak dat dit nie ongerief vir ander gaste veroorsaak nie. Alleenlik houtskool of “briquettes” moet in die webers gebruik word.
Flora - Plantegroei mag nie gepluk of beskadig word nie.
Geraas en/of radio`s - Geen geraas of harde musiek sal geduld word nie.
Parkering - Voertuie moet op die aangewese plekke geparkeer word.
Wasgoed - Eenhede 1 en 2 het wasgoedtrôe op die dek vir wasgoed. Eenheid 3 en die Familiegastehuis het elk ‘n wasmasjien.
Herwinning - Die eiendom het nie ‘n vulliverwydings diens nie en moet self daarvan ontslae raak. Gaste se samewerking word gevra deur alles moontlik te herwin en in die verskeie asblikke te plaas.